higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

10 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 1 addendum.

406Q1S2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende stellings deur 'n woord of woorde uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraag nommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

projek plan; vaste; sigblad; bydraende belanghebbende; etiek; oopdeurbeleid; werksmagtiging; gekraak; konfrontasie; fluitjieblaser; sekuriteit

1.1 … is beginsels wat 'n persoon lei in wat reg of verkeerd is.

1.2 Deur 'n … te hê, kan die projekbestuurder dit duidelik maak aan die span dat ondersteuning beskikbaar is.

1.3 … kostes moet betaal word ongeag van watter werk gedoen is aan die projek.

1.4 Die probleemstelling, begroting, skedules, en uittreekriteria is elemente van die...

1.5 … is 'n liasseringstelsel vereiste wat verseker dat die vertroulikheid van projekdokumente gehandhaaf word.

1.6 … is 'n strategie vir konflikbestuur waarin die projekbestuurder 'n situasie direk en objektief hanteer.

1.7 Om die … te beskerm is belangrik wanneer 'n oortreding in die gedragskode ondersoek word.

1.8 Wanneer die projkbestuurder ekstra hulpbronne toeken om 'n projek betyds klaar te maak word dit ... genoem.

1.9 'n Persoon wat betrokke is by die sukses van die projek word 'n ... genoem.

1.10 Toestemming en magtiging wat gegee word om aan 'n spesifieke aktiwiteit te begin werk word ... genoem.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Onderhandeling is 'n konflikbestuur strategie waar die projekbestuurder weier om die grondreëls van 'n projek te aanvaar.

2.2 Die Suid-Afrikaanse Grondwet is die laagste wet van die land.

2.3 Veranderlike kostes is die kostes wat kan verander gedurende die loop van die projek.

2.4 Wanneer die koste van 'n projek geskat word, is inflasie nie 'n uitdaging nie.

2.5 Tegnieke is stelselmatige prosedures wat gebruik maak van een of meer stukke gereedskap om 'n produk te lewer.

2.6 Toegewyde kostes is die koste in 'n projekbegroting wat reeds aangegaan of betaal is.

2.7 Nie-projek werk het 'n duidelike uitkoms.

2.8 Perseptuele hindernisse kan lei tot konflik in 'n span.

2.9 Menswaardigheid beteken dat spanlede toegelaat word om by 'n vakbond aan te sluit en mag deelneem aan die aktiwiteite van 'n vakbond.

2.10 Dit is onnodig om gebeurlikheidsplanne te hê vir elke geïdentifiseerde risiko in die projekplan.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Punt in tyd wanneer iets belangrik gebeur het.	A	borg
3.2	Ooreenstemming na individue afsonderlike ramings bespreek het en almal dan op een raming besluit het.	B	beoordelingsperiode
3.3	Persoon wat 'n projek befonds en/of bemagtig.	C	mylpaal
3.4	Struktuur wat al die elemente van die finale produk wys.	D	konsensueel
3.5	Leierskapstyl wat gebruik word wanneer die span nie seker is wat om te doen nie, en bietjie ondersteuning nodig het.	E	kernvaardighede
3.6	'n Groep mense met verskillende vaardighede en kennis wat 'n gemeenskaplike doelwit deel.	F	program
3.7	Grafiese voorstelling van projekaktiwiteite, datums, en tydsduur.	G	afrigting
3.8	Tyd wat 'n spanlid het om te verbeter op 'n negatiewe vorderingsverslag.	H	span
3.9	'n Groep verwante projekte wat tegelykertyd aan die gang is.	I	produk uiteensetting struktuur
3.10	Tyd wat gebruik sal word om spanlede te assesseer.	J	Gantt-kaart
		K	prestasieverbeteringstydperk

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Gebruik die scenario hieronder om die vrae te beantwoord.

LEË KUNSSEILDOEK KUNSPROJEK



Lucia Sithole is die projekbestuurder van die Leë Kunsseildoek Kunsprojek wat sy in Maart 2017 begin het. Sy het 'n behoefte gesien vir die opbou van kapasiteit binne kunste in hoërskole in Suid Afrika. Die projekopbrengste is om die sigbaarheid van kuns te bevorder, om betekenisvolle veranderings en ingrypings binne gemeenskappe te bevorder, en om elemente van kulturele erfenis te ondersoek. Lucia en die span streef ook tot die skepping van werksgeleenthede vir die jeug deur die kunste en deur die beklemtoning van vrouens, die jeug, en gestremdhede. Uiteindelik wil die span die talente van die kleintjies verken, en kwaliteit kunstige en kreatiewe produkte lewer.

Die projek het in die Wes-Kaap begin beoog om 'n Kunskamp (hoofkantoor) in elke provinsie van Suid-Afrika te hê. Toe die projekleier, Grace Palette, die idee voorgelê het aan verskeie borge, het die Departement van Kuns en Kultuur, Business and Arts South Africa en die Standard Bank groep gespring het vir die geleentheid om deel te neem aan hierdie lewendige projek. Die projek werk op 'n begroting van R100 000 per skool en voorsien die studente van alles wat hulle benodig om hul kunswerke te vervaardig.

Die span volg die skedule hieronder en spandeer 'n maand by elke skool.

Week 1	Evaluering van studente se talente en vaardighede
Week 2	Onderrig van verskeie kunstegnieke
Week 3	Studente vervaardig kunswerk
Week 4	Kunsuitstalling

Die span bestaan uit bekwame studieleiers wat opgelei is in verskeie vorme van kuns om die verskillende talente van die studente te ontwikkel, en om te help met die behoeftes van die studente. By die kunsuitstalling in die finale week, word die studente se kunswerke vertoon, en pryse word toegeken aan die top drie kunswerke. Die doel is 'n kompetisie waaraan alle skole in 'n provinsie kan deelneem sodat die beste kunswerk gekies kan word en moontlike indiensneming ondersoek kan word.

Lucia beklemtoon die belangrikheid van spanwerk. Die grootste uitdaging wat die span in die gesig staar is persoonlike hindernisse omrede hul baie op die pad is en weg is van hul gesinne. 'Ons het gereeld vergaderings waar spanlede hul gevoelens kan uitspreek en ons het ook 'n berader aan boord.' voeg Lucia by.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Identifiseer VYF kenmerke van die Leë Kunsseildoek Kunsprojek. (5)

4.2 Gebruik die aangehegte ADDENDUM en trek 'n Gantt-kaart vir die projek. (5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik kortliks DRIE beperkings wat inspeksie as 'n tegniek vir gehalteversekering het. (3)

4.4 Verduidelik die belangrikheid daarvan dat die projekbestuurder en haar span verpligtinge teenoor die belanghebbendes nakom. (2 × 2) (4)

4.5 Definieer gelykheid met betrekking tot eiendoms- en persoonlike regte vir die Leë Kunsseildoek Kunsprojek. (3)

4.6 Identifiseer TWEE belanghebbendes in die projek en verduidelik die rol van elkeen. (2 × 2) (4)

4.7 Wat is die begroting vir die Leë Kunsseildoek Kunsprojek? (1)
[30]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen *voorspelling* en *beraming* as soorte begrotings vir die bogenoemde projek. (2 × 2) (4)

5.2 Dit word beraam dat dit 5 verwers 3 dae en 45 liter verf sal neem om die buitemure te bedek van die Kunskamp in die Wes-Kaap. Die verwers kos R45 per uur vir 8 uur per dag en die verf kos R120 per liter

Bereken elk van die volgende:

5.2.1 Totale koste vir die verwers. (4)

5.2.2 Koste van die verf. (2)

5.2.3 Totale koste om die Kunskamp te verf. (2)

5.3 Verduidelik die voordele wat die effektiewe bestuur van projekdokumente vir die Leë Kunsseildoek Kunsprojek inhou. (5 × 2) (10)

5.4 Identifiseer VYF metodes en tegnieke wat gebruik kan word om spanbetreklikheid en gees te bou. (5)

5.5 Noem DRIE projekbestuur hulpmiddels wat Lucia Sithole kan gebruik vir die bogenoemde projek. (3)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Definieer VYF projekbestuurprosesse en -aktiwiteite wat die span moet volg om die sukses van die Leë Kunsseildoek Kunsprojek te verseker. (5 × 2) (10)

6.2 Hoekom is dit noodsaaklik om werksafbreek struktuur vir die projek te skep? (3)

6.3 Waarom moet Lucia Sithole en die span 'n lesse-geleer verslag voltooi? (2 × 2) (4)

6.4 Noem en verduidelik die faktore wat die dinamika van die projekspan kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

6.5 Identifiseer DRIE maniere waarop Lucia Sithole spanprestasies kan herken. (3)
[30]

VRAAG 7

7.1 Noem en verduidelik VYF eienskappe wat Lucia moet hê. (5 × 2) (10)

7.2 Onderskei tussen *projekbestuur* en *algemene bestuur* wat gebruik word vir die Leë Kunsseildoek Kunsprojek. (3 × 2) (6)

7.3 Identifiseer en verduidelik SES beginsels vir die skep van produktiewe kommunikasie en spandinamika. (6)

7.4 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur* wat gebruik kan word in die Leë Kunsseildoek Kunsprojek. (2 × 2) (4)

7.5 Verduidelik die volgende TWEE aspekte wat ingesluit moet word in die gedragskode vir die projekspan.

7.5.1 Konflik van belange

7.5.2 Nakoming van die wet.

(2 × 2) (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(3081033)

ADDENDUM **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

Gantt-kaart _____

	TYDSDUUR			
AKTIWITEITE				

Kopiereg voorbehou